
Publication: Landbouweekblad
Date: Friday, January 19, 2018
Page: 30





# Hou familietrust uit testament

**Trustees moet bewus wees van die reëls voor hulle probeer om trustbates (wat eintlik aan die trust behoort) in hul testament aan iemand anders te bemaak.**

Vandeesweek kyk ons na die gebruik om by wyse van 'n testament te bepaal hoe daar ná dood met trustbates gehandel moet word.

Die vraag is nie óf dit gedoen kan word nie; die vraag is of dit wys is om dit te doen. Ek meen dit is 'n onding. Enigiemand wat so iets vir sy kliënt probeer reël, is dalk nie besig om in die kliënt se beste belange op te tree nie.

Natuurlik kán jy dit doen. Jy kan omtrent enigiets doen. 'n Trust is in wese niks anders nie as 'n kontrak en jy kan min of meer 'n kontrak opstel soos jy wil. 'n Trustakte is egter nie sommer so 'n kontrak nie – dit is 'n kontrak tussen jou en die trustees waarin jy (i) sekere bates aan die trustees oordra, om (ii) te bestuur, (iii) ten behoewe van jou aangewese begunstigdes.

## TRUSTKONTRAK

Ek wil twee belangrike punte oor bogenoemde stelling uitlig.

Eerstens, anders as 'n gewone kontrak, is die trustkontrak onderhewig aan sowel gemeenregtelike as wetlike vereistes, wat van 'n trustee verwag om op te tree met die sorgsaamheid van iemand wat die belange van ander bestuur.

Die tweede belangrike punt wat die meeste mense nie onder die knie kry nie, is die vereiste dat trustbates aan 'n trustee oorgemaak word. Dit is nie meer joune nie, maar dit behoort nou aan die trustee in sy of haar hoedanigheid as trustee. Jy het in die proses afstand gedoen van die bates.

Om dus beheer daaroor uit te oefen, doen jy afbreuk aan die trustbeginsel. 'n Mens sien die gevolge van sulke optrede in bekende sake, soos *Badenhorst vs. Badenhorst* en *Jordaan vs. Jordaan*, waar die hof trustbates in berekening gebring het in eise teen die persoon self.

Hoekom is dit belangrik?

## BOEDELBELASTING

Jy kan in jou testament net bemaak wat joune is. Trustbates is nie joune nie. Beskik jy dus testamentêr oor trustbates, kan jy die voordele van die trust nietig maak. In die saak *First Rand vs. Britz* het die hof juis na die sake hierbo verwys as gesag waarom 'n hof in sekere gevalle "geregtig is om te gelas dat trustbates gesien moet word as die persoonlike bates van die oprigter".

Dít is waar jou probleem lê, ook ná dood. Bemaak jy trustbates testamentêr, kan dit gesien word as joune en kan die belastings wat jy probeer vermy het, ter sprake kom. Die rede, meen ek, waarom die Ontvanger van Inkomste nog nie meedoënloos hierop toegeslaan het nie, is bloot omdat daar nog nie genoeg aandag aan gegee word nie. Maar dit kom.

**Mense vind dit uiters moeilik om werklik afstand van hul goed te doen.**

Artikel 3(3)(d) van die Boedelbelastingwet (Wet 45 van 1955) bepaal dat enige bate waaroor jy kort voor jou dood in staat was om tot jou voordeel of tot voordeel van jou boedel te beskik, in jou boedel opgeneem kan word vir boedelbelasting. Die meeste trusts, na my mening, is skyntrusts of alter ego-trusts. Mense vind dit uiters moeilik om werklik afstand van hul goed te doen.

Dieselfde geld die sogenoemde wensbrief, as 'n alternatief vir diegene wat die risiko van testamentêre beskikking van trustbates insien. Die wensbrief is vol grys gebiede en is gewoonlik 'n opdrag of voorstelle aan die trustees.

Bly liewer weg van dié speletjies. Gebruik 'n trust vir waarvoor dit bedoel is en nie om belastingspeletjies te speel nie.

'n Laaste woord dalk uit die Appélhofuitspraak in *Thorpe vs. Trittenwein*: Diegene wat kies om deur middel van trusts sake te doen om 'n sekere voordeel te bekom, hetsy met boedelbeplanning of andersins, moet besef jy kan nie die voordele van die trust geniet wanneer dit jou pas en dan ongelukkigheid pleit wanneer dit jou nie pas nie. Dán kan jy net jouself daarvoor verantwoordelik hou. **LBW**

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy.*

NAVRAE: Nico van Gijsen, e-pos: **nico@finlac.com**, tel. **021 461 2067**.

This material is not for sale or retransmission due to copyright.